

8 Januarie

**Skrifgedeelte: Matteus 6:19-34**  
**Fokusgedeelte: Matteus 6:31-33**

**Wees oor die regte goed bekommerd!**

Bekommernis is een van die grootste probleme van ons tyd. Mense gaan letterlik dood daarvan! “Sal ek genoeg hê om van te lewe? Sal ek vir my gesin kan sorg? Sal ek vir my kind se studies kan betaal? Sal my pensioen groot genoeg wees?” Alhoewel 'n mens vir al hierdie sake moet werk en beplan, kan kommer hieroor 'n obsessie in jou lewe word.

Jesus noem sulke bekommernis: kleingelowigheid. Ons hemelse Vader, die almagtige Skepper en Onderhouer van alles, weet tog dat ons al hierdie dinge nodig het. Daarom verbied Hy ons om ons hieroor te kommer en daarmee saam gee Hy 'n opdrag met 'n belofte: “Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee”.

Hiermee sê Jesus: Wees liever begaan oor God se sake en Ek belowe jou, God sal begaan wees oor jou sake! Wat 'n heerlike belofte! As ek my vir God se koninkryk beywer – met ander woorde, as ek my deur God laat regeer deur Hom in alles te gehoorsaam – dan sal Hy vir my sorg. As ek my daarvoor beywer om meer en meer mense voor die Koning te laat buig in die geloof, dan sal Hy vir my alles gee wat ek nodig het om van te lewe!

Hou dus op om jou oor onnodige dinge te bekommer. Dien liever die Here en Hy sal vir jou sorg!

*Sing: Skrifberyming 17:5,6*

*Ds HPM van Rhyn (Wilropark)*